

29 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-22

Fokusgedeelte: Psalm 22:1-3

Van God verlate

Het jy al ooit die donkerte van verlate-wees beleef? Dan voel dit vir jou of niemand jou hoor nie en of niemand hulle aan jou steur nie en of niemand omgee nie. Of jy niks meer werd is nie. Dit is nie snaaks in die tyd waarin ons lewe nie. Die wêreld, die hospitale, die huise, die strate is vol van stres en depressie, van verlatenheid van hart en gedagtes.

Maar daar is nog iets erger. Dis wanneer mense (soos Dawid in Psalm 22) deur die gevoel gepak word dat God hulle verlaat het. Jy roep, soos Dawid, maar God hoor nie. Jou stem kom koggelend na jou toe terug. Dis of God die deure agter Hom toegemaak het en in 'n klankdigte kamer vertoef.

Dawid is deur mense rondgejaag en verwilder en verskrik. Hy onthou hoe die Here aan die voorvaders uitkoms gegee het, maar hy is 'n wurm, nie 'n mens nie (vs. 7). Hy is die spot van die dorp! Soos deur wilde diere is hy gejag, hulle het hom vasgekeer en staan hom grinnikend en aangeluur in leedvermaak. Sy vyande het vir hom geen genade en gun hom nie 'n môre nie. Waar is God? Hy roep na "my, God, my God". Dan die vreugde: "U het my gebed verhoor!" (vs. 22c).

En Jesus moes in sy soenoffer volledig van God verlate wees sodat ons nooit deur Hom verlaat sal wees nie.

Sing: Psalm 22:1, 12 (Totius)

Ds. PB de Klerk (Emeritus)